UITGAWE 38/2011

30 Oktober 2011

IEDERARK

Ds Willem Louw
(018) 294 8197
082 340 7549

Ds Okkie Cilliers
(018) 297 7926
083 262 6783

Ds Dorette Cilliers
(018) 297 7926
074 434 7093

Kerkkantoor

Tel (018) 294 8121 Faks (018) 294 3900

Webwerf http://www.ngkmiederpark.co.za

Epos kantoor@ngkmiederpark.co.za

Sendingkantoor sending@ngkmiederpark.co.za

Jeugkantoor jeug@ngkmiederpark.co.za

Sluit by ons aan op facebook

Wat gebeur DV die volgende week .....

Sondag	30 Oktober	Erediens— Hervormingsfees Sondagskool Gr 1– 6 Happie Kuiertee Tienerdiens Gr 7 –11 Aanddiens	09:15 17:00
Maandag	31 Oktober	Gemeentebestuursver-gadering	18:00
Dinsdag	1 November	Diakens vergadering	18:00
Woensdag	2 November		
Donderdag	3 November	Vrouebybelstudie	10:00
Vrydag	4 November		
Saterdag	5 November	Mannebiduur	07:00

INHOUDSOPGAWE

Nuusbrokkies	2	Kerssangdiens	8
Jeugbediening	3	Glinster Grys	9
Sending gebedsversoeke	4, 5	‘n Verhaal van Hoop	10
Tien Beloftes	6	God se glimlag	11
Gebedsbediening	7	‘n “In-diepte” onderhoud..	12
Kruislig Koffiediens	8		

Ons Terreinbestuurder, Wessel Brooks gaan vanaf 14 November tot 12 Desember 2011 met verlof. Enigiemand wat belang sou stel om te help met aflos koster moet asb die kerkkantoor skakel so gou moontlik.

Dankoffer fees

Die ouderlinge en selleiers is tans besig met die insameling van die tiendemaand dankoffers. Dit is ’n besondere geleentheid om God met ons bydraes te eer. Die kerk het ook die offergawe nodig om belangrike werk voort te sit. **Kom ons werk soos een groot familie saam! Bid asseblief vir hierdie poging!** Die hele gemeente se offers word simbolies op 13 November aan die Here gewy. Ons sal u dan die volgende week op hoogte bring van wat ingesamel is.

Selbediening

Wat ‘n wonderlike voorreg om deel te wees van die selbediening!

Hierdie is ‘n lekker kuier geleentheid om meer van die Here te leer en veral werklike omgee liefde te beleef—ons raak soos een groot familie!! Ons mis jou daar, kom word deel van ons!!

Kontak Alta Pothas by 0832951192

Happie-Kuier Tee

30 Oktober 2011 (direk na die erediens)

Hele gemeente word uitgenooi

Sien jou daar!!

Ontdek jou plek!

U word uitgenooi om die ontdekking te maak waar God jou in Sy Koningkryk kan gebruik deur die **"Ontdek Jou Plek" kursus** te deurloop.

- Leer ken jou persoonlikheid
- Ontdek die gawes wat God aan jou gegee het
- Leer ken verskillende terreine waar jy hierdie gawes kan uitleef!

Die kursus gaan aangebied word Woensdag 16 November 18:00- ongeveer 20:00, Saterdag 19 November 09:00- ongeveer 11:00 asook Woensdag 23 November 18:00 . Die koste beloop R60-00 per persoon, wat die kursus materiaal insluit. Indien u belangstel, skakel Ds W Louw (0823407549) of Johannes van Rooyen (0827868193).

JEUGBEDIENING

- Die kleuterkerk bedien 2 groepe: 3-4 jariges en 5-6 jariges. Elkeen van die groepe het ‘n eie lokaal. Ouers wat kinders in dié ouderdomsgroep het– bring julle kinders!
- Die bediening vir graad 1—6 is tydens die erediens. ’n Kort erediens word vir die kinders gehou en daarna word in klein groepies verdeel.
- Die bediening vir graad 7-11 begin 17h00 met ‘n erediens in die saal. Daarna word in die groepe verdeel.
- Ds Okkie, Naomi en die laerskoolgroep oefen vir die kerssangdiens op **Vrydag 4 November om 16:00** in die kerk.
- Op Saterdag 12 November is ’n Sondagskool piekniek vir die laerskoolgroep. Die kinders sal briefies vir die ouers kry.
- **Die belydenisklas lê op 6 November belydenis af**. Dit is ’n wonderlike en spesiale gebeurtenis in elke Christen-tiener se lewe. Bid asb vir ontvanklike harte by elkeen wat die diens gaan bywoon.

Sending Gebedsversoeke

HOSPITAAL SENDING - Chris en Petro

Ek vra ons gemeente om almal asseblief sal bid vir Sannie Niesing.. Sy het verlede keer nog saam met Miederpark die Woord van die Here uitgedra by die hospitaal, en die middag was sy in 'n motorfiets ongeluk betrokke. Beide haar arms het gebreek asook haar rug. Onderlyf nog verlam.

Die Zaaymans vra:

a. Dat nuwe bekeerlinge hulle geloof na ontslag uit die hospitaal sal gaan uitleef.

b. Jong meisie wat voel haar wêreld het inmekaar gestort en nie meer kans sien om verder aan te gaan nie...erge depressie.

c. Vir ons eie fisiese welstand asseblief.

Ons sê dankie:

a. Vir die gebede van die M/Park gebedsketting. Oom Petrus is nog swak maar beter!

b. Vir God se liefde en betrokkenheid by mense en gereeld genesing bewerk, soms onverwags!

c. Vir die voorsiening van Bybels en ander hulpmiddels wat ons in ons bediening nodig het.

MALAWIE SENDING - (Pieter Loots)

Baie dankie:

- Siniya het veilig by haar bestemming in SA aangekom. Bid vir 'n geseënde tyd vir haar hier.
- Debbie wat so hard daar werk. Dit gaan op die oomblik baie goed met alles wat sy daar doen. Dit is net baie baie warm in Malawi— was 40° ..

Bid asb vir :

- Volkome genesing vir Pieter se maagprobleem
- Genoegsame rus.
- Debbie en al die werkers se beskerming.

ANGOLA SENDING - (Freddie)

Freddie en Lesley is nog steeds in Seronga waar Freddie besig is met die BOFF oplelding vir studente.

BID ASB:

- Dat die Woord werklik ingang sal vind in elke student se hart.
- Die studente ook suksesvol sal wees in die kursus.
- Dit vir Freddie en Lesley weer geestelik verrykend sal wees om tussen almal daar te wees.

Sending Gebedsversoeke

BOTSWANA SENDING - (Jerry

Ek vra gebed vir:

Insig aan die studente wat huidiglik die BOFF kursus in Botswana doen. Waar hulle meer van God se Grootheid en Sy Heiligheid leer deur die ou testament;

My evangelisasiewerk en opleiding onder die mense in Botswana;

My belydenisklas wat oor 2 weke belydenis van geloof aflê. Bid vir hulle volle oor-gawe aan Jesus. Hulle is nou die belangrikste Sending opdrag.

Vir myself: Dat God my geestelik sal versterk met verantwoordelikheid om hierdie kinders dan ook Geestelik by te staan nou en in die toekoms. Ook om God te eer vir wat Hy in hulle lewe gedoen het die afgelope 10 jaar waar ek hulle kon help leer van God en Die Bybel en dat ek kon sien hoe God hulle harte verryk met Sy liefde. En bid ook dat die Here my net so in die Sendingveld sal gebruik.

Dat hierdie kinders sal volhard in Jesus ons Verlosser tot die einde toe.

Jy is die enigste gekwalifiseerde om te doen vir wat God jou gemaak het om te doen..

KONGO VERITAS - (Ds Dawie)

- Dis Hervomingsfees: kom ons dink na oor die rol van die Woord in ons kerke vandag - waar selfs van ons predikante nie meer die Bybel glo nie - en bid dat ons mense weer sal terugkeer na die Waarheid.
- Bid vir ons verskillende opleidingsprogramme:
- Vir Jean-Blaise wat 'n baie vol program van opleiding in die Kaap het;
- Vir César wat die twee groepe waarmee ek drie weke gelede in Kinshasa in die Kongo begin het, met Module 1 toerus;
- Vir Wycliffe en sy span wat in Katanga met verskeie opleidingsgroepe besig is;
- Vir 'n projek om Bybels vir die Katanga provinsie te kry en te stuur;
- Vir die drie kandidate wat besig is met die geakkrediteerde program in die Kaap;
- Ons is dankbaar dat ons nog steeds die werk kan doen, ten spyte daarvan dat twee gemeentes wat ons ondersteun het, nie meer die mas finansieel opkom nie.
- Bid asb dat, ten spyte van bogenoemde, ons die opleiding sal kan uitbrei na Frankryk waar 'n groot behoefte aan opleiding vir gemeenteleiers is;
- Bid ook vir ons gesin, veral vir Elna se swangerskap.

10 Beloftes

1. As Ek die eerste plek in jou lewe inneem, sal jy geen ander gode wil dien nie,
2. As Ek in jou hart woon, sal dit nie nodig wees om gesnede beelde van My te maak nie, want jy sal self My beeld dra!
3. As jy My liefhet, sal My naam nooit ’n vloekwoord oor jou lippe kan wees nie,maar in alle omstandighede deur jou eerbiedig en gerespekteer word!
4. As Ek die ereplek in jou lewe het, sal Sabbat die hoogtepunt van die week vir jou wees. Dit sal vir jou ’n vreugde wees om in die Gemeenskap van die heiliges My te aanbid. ’n Dag om na uit te sien, nie om teen op te sien nie!
5. As Ek in jou lewe is, sal dit vir jou ’n voorreg wees om jou ouers te eer en lief te hê. Dit sal nie vir jou moeilik wees nie, want agter Hulle sal jy My sien wat hulle vir jou uitgekies het!
6. As jy my liefde jou eie gemaak het, sal jy nooit iemand wil seermaak of haat nie, wat nog te sê doodmaak!
7. As jy My liefhet, sal dit nie moeilik wees om aan jou lewensmaat getrou te wees nie. As Ek ’n plek in jou huwelik het, sal julle vir mekaar lief wees en julle geluk sal ek in my hande bewaar en vashou.
8. As Ek op die troon van jou lewe sit, sal jy daagliks vra: ‘Aan wie en waar kan ek aan ’n ander iets gee?’, en jy sal nooit iets van ‘n ander wil neem nie.
9. As Ek in jou lewe is, sal dit nie meer vir jou lekker wees om van ’n ander kwaad te praat nie. Deur My gees sal jy ’n mens wees wat van ’n ander niks sal sê as dit nie iets goeds is nie!
10. As jy een met My is, sal My gees jou tevredenheid gee om vergenoegd te wees met wat jy het, met die besef dat God gee soos wat jy nodig het en wat Hy gee, gee Hy altyd genoeg sodat jy niks sal kortkom nie!

Lukas 18:1– Volhard in gebed

GEBEDSAKSIES

Gebed voor die erediens – al die ouderlinge, gemeentebestuur en selleiers in konsistorie om 09:00;

Gebed voor aanddiens – enige lidmaat is welkom om 17:45 in die konsistorie saam te bid;

Gebed tydens erediens- selgroepe bid soos gereël;

Personeelgebed – Dinsdae om 08:15 bid die kerk se personeel saam;

Gebed vir vroue – Vrydae om 09:00 in konsistorie.

GEBEDSKETTING

Vir enige gebedsversoeke stuur 'n kort sms na 0824605272

GEBEDSVERSOEKE

Martin du Toit	Kerssangdiens
Susan Pienaar	Dankofferfees
Daleen Venter	Gemeentebestuursvergadering
Paula Pretorius	Belydenisklas
Stoney Steenkamp en familie	Ds Dorette en familie

WIL JY VOL WORD EN OORLOOP SODAT JY 'N VERSKIL KAN MAAK

TITUS 3:6 GOD HET DIE HEILIGE GEES OORVLOEDIG OP ONS UITGESTORT DEUR JESUS CHRISTUS ONS VERLOSSER

Wat beteken dit om oorvloedig vol te wees met die Heilige Gees en hoe kan dit 'n verskil maak in my lewe en gebed?

Kom luister saam met kinders van die Here vanaf **13 tot 16 NOVEMBER OM 18:00** na

FRANCOIS CARR. Ons gaan die 4 dae stil word en regtig God se aangesig soek en seker maak ons word oorvloedig vol met die Heilige Gees, sodat ons 'n verskil in ons huise, kerk en dorp en land kan maak.

'n Goeie wegspring punt vir jou geestelike transformasiereis:
Kruislig-koffiedienste Sondagaande om 18:00.
Informeel: kuier rondom koffie/ tee
Interaktiewe Woordbediening, praktiese illustrasies
Inspirerende verhale van mense wat saam op reis is.
Gebedsdeurbrake en gebedsondersteuning
Ervaar die werking van God se Gees

Kerssangdiens
6 November 2011
18:00

Kom geniet 'n 'cupcake' na die diens

GLINSTER GRYS (Senior Burger Bediening)

VIERINGS!

Veels geluk aan die volgende senior burgers wat in hierdie week hulle geboortedag herdenk:

4 November:

Lettie Erasmus

Johan Swanepoel

5 November:

Bettie du Plessis

Mag die Here u in die nuwe lewensjaar omhein met Sy Barmhartigheid, kroon met Sy Vrede en seën met Sy intieme Teenwoordigheid.

Ds Dorette se moeder, Lynette Erasmus, is Dinsdag 25 Oktober oorlede. Die gedenkdiens word op Woensdag 2 November in ons kerkgebou gehou en die begrafnis is Vrydag 4 November in Bloemfontein.

B.i.b.l.e.: *Basic Instructions Before Leaving Earth!*

Did you know that when you carry "the Bible", Satan has a headache, when you open it, he collapses, when he sees you reading it, he loses his strength, AND when you stand on the Word of God, Satan can't hurt you!



‘n MOOI VERHAAL VAN HOOP…

Miederpark gemeente is reeds geruime tyd besig om energie in te ploeg by ’n klein VGK gemeentetjie in Ikageng. Daar onderhou ons ’n evangelis wat help met kinderbediening, selgroepe ens. Hierdie energie het later aanleiding gegee dat al die NG Kerke in die dorp saamgespan het om die piepklein kerkgeboutjie te vergroot. Vandag is daar ’n netjiese gebou.

Die straat rondom die kerk het aanvanklik berge vuilgoed gehad. Geleidelik het gelowiges uit verskillende kerkverbande daar begin saamwerk en die kinders begin leer om papiere op te tel, trots te wees op die omgewing ens. Dit was nie maklik nie. Ons word steeds daagliks teleurgestel! Ons het egter besef iemand moet die voorbeeld stel. Die vuil omgewing leen hom nie tot opvoeding nie. Dit het daartoe gelei dat ons besluit het om saam met die kinders en lede van die gemeentetjie rondom die kerkgeboutjie te begin tuinmaak. Die kinders kon dan ook leer hoe om plante te versorg en die omgewing te bewaar.

Gelowiges uit verskeie oorde het elkeen begin om ietsie te skenk. Die grond was hard en dit was maar moeilik om waar eens ’n vullishoop en klippe was, tuin te maak. Net soos ons die evangelie in geloof saai het ons begin om in geloof tuin te maak. Sommige mense het gesê: “Hoekom doen julle dit? Die mense kan dan nie eers hul eie tuin plant of onderhou nie!” Dis waar!

Opvoeding is ’n moeilike taak. God vra altyd dat iemand sal voorloop en in geloof sal saai. Boonop is daar altyd mislukkings en hope kritiek wat jou kragte tap.

Sedertdien het die Here ingegryp. Die Stadsraad het al hul energie ingegooi. Die parke afdeling het gesien hier is mense wat wil! Hulle het nog bome en struike geskenk wat ons nou op 11 November gaan plant! Die Stadsraad het verder gegaan en die gebied sal dien as **’n loodsprojek** waar hulle nuwe vullis verwyderingssisteem aan die begin van November geïmplementeer sal word. Vir die eerste keer in die geskiedenis gaan elke huis in die gebied nou ook soos in die blanke woonbuurtes sy eie vullisdrom ontvang! Daar gaan ook begin word met ’n weeklikse vullisverwydering sisteem! Tydelike vragmotors word vanaf begin November ingespan en ses maande later sal die spesiale vullisverwyderingsvragmotors wat vullis kompakteer klaar gebou wees om die werk in Ikageng te vergemaklik. Die ouderlinge van die gemeente gaan in die straat van huis tot huis loop en pamflette uitdeel wat mense sal onderrig oor die nuwe vuilgoedverwydering stelsel en hoe om kompos te maak van tuinvullis. Die politieke partye gaan ook hand bysit – omdat almal nie Christene is nie en ook nie aan dieselfde kerkverband behoort nie, betrek ons die groter gemeenskap. Die Stadsraad gaan ook help om die “hotspot” voor die kerk wat ’n stortingsterrein geword het, skoon te hou en bordjies aan te bring. Hiermee sal volhard word totdat die opvoeding oor die volgende jaar of twee hopelik begin vrugte dra. (Terloops drie jaar terug was die stortingshoop voor die kerkie amper 300 meter lank. Vandag is dit 5 meter lank)

Dankie aan elkeen wat nie moed op gee nie, wat terug strate toe gaan en glo dat Christene hul woorde met dade moet bevestig. ***Ons is deur God gestuur om ’n verskil op alle lewensterreine te maak!***

‘n Glimlag van God– een uit ‘n miljoen skoot

Here, help my om vandag al my selfsugtigheid en eie wil weg te was,
sodat ek U die res van my lewe met nederigheid kan dien.

Here, stryk vandag al die plooie, wat deur die jare versamel het,
uit my gees sodat ek net die mooi in ander sal sien.

O God, help my dat ek sal regmaak waar ek ander te na gekom het.

Here Jesus, help my om met die stoflap van U genade die klein sondetjies wat in my hart skuil, weg te vee en skoon te maak.

O God, gee my asseblief die wysheid om die dinge te koop wat nodig is en nie wat ek begeer nie, omdat ek weet Here, geen aardse skatte weeg op
teen dit wat in die Hemel wag nie.

Help my, my Vader om die vrugte van die gees: Liefde, Vriendelikheid, Hulpsaamheid, Sagmoedigheid, Getrouheid en Selfbeheersing aan my naaste voor te sit.

O God, ek het my huis vir U voorberei. Kom woon asseblief in my hart sodat ek die res van my lewe in U teenwoordigheid kan deurbring.

Amen

Petro se “in-diepte-onderhoud” .....

Toets een twee drie
Al ooit gewonder wie altyd kansel toe hardloop as die klank nie werk nie of die beeld nie vertoon nie? **Madelein Geldenhuys**, ons eie klank en beeld tegnikus, vertel ons meer van haarself.

V: Van waar is jy?
A: Ek is in Klerksdorp gebore en het vir sewe jaar op 'n plaas tussen Potchefstroom, Ventersdorp en Klerksdorp gebly. Aan die einde van 1989 het ons Potchefstroom toe gekom en hier is ek nog steeds!

V: Wat doen jy vir 'n lewe?
A: Ek is 'n laboratorium tegnikus by Farmasie op die Potchefstroomkampus van die NWU.

V: Wat doen jy graag in jou vrye tyd?
A: Ry fiets, 'n mens moet oefen! Luister bietjie musiek en probeer 'n middagslapie inpas. Verder doen ek maar dingetjies om die huis.

V: Wat is jou stokperdjie?
A: Fietsry – Bergfiets en padfiets, ek neem aan fietsrenne deel soos die *94.7 Cycle Challenge* en die *Cape Argus Pick & Pay Cycle Tour*. Ek is mal oor lees (het 'n lywige boekversameling), sport kyk veral krieket, rugby en natuurlik fietsry. Ek neem graag foto's van veral die natuur. Verder is ek 'n groot aanhanger van John Deere trekkers en plaasimplemente. Ek versamel skaalmodel John Deere trekkers asook skaalmodelle van antieke trekkers.

V: Wie is jou gesin?
A: Pa Ben is 75, Ma Hermien is 69, Ousus Erika is 41 en woon in Kaapstad, my tweelingsussie Leonie is 29 en 'n melkerybestuurder in die distrik.
Die viervoete is 'n 3½jr oue Jack Russel, Vlooi; 'n Rifrug van amper 3jr, Soois; en die jongste toevoeging is 'n 3maande oue Chihuahua, Tim. Ek het twee kokketiele, TinTin en Pottie en my ma het 4 Love Birds (!), en dis die volledige gesin!

V: Wat is jou *werk* by die kerk?
A: Ek hanteer meestal die klank en data tydens dienste en die orkes se oefening. Soms is ek wat my sussie noem "Feesfotograaf". Dit is meestal die dokumentering van gebeurtenisse by die kerk.

V: Hoe het jy jou kennis oor bg. opgedoen?
A: Fotografie: Ek het 'n kursus by die Puk se kreatiwiteitsentrum gedoen in Fotografie Vlak 2 en ook Photoshop. Powerpoint en ander sagteware het ek self geleer.
Klank: André Geldenhuis wat aan die Puk verbonde was, het my 'n paar dinge geleer, maar het die universiteit se diens verlaat so paar jaar gelede en van toe af leer ek maar soos ek aangaan.

V: Wyse woorde is...?
A: "Moenie 'n ding half doen omdat jy nie tyd het nie, want waar gaan jy tyd kry om dit oor te doen."
En "Die lewe skuld jou niks nie." Mark Twain het gesê: "Don't go around saying the world owes you a living. The world owes you nothing. It was here first."